N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 28

10 Julie 2022

Ken Google jou beter as Jesus?

Ons soekgeskiedenis onthul baie meer as wat ons sou wou hê. Wanneer ons besig is met die internet, kom wie ons is na vore – wat werklik vir ons belangrik is, ons vrese, voorkeure en kwellings.

Google is ons dokter, sielkundige en raadgewer

Hier kan ons die vrae stel wat ons te skaam is om hardop te vra oor die dinge wat ons bekommer of waaroor ons nuuskierig is. "Wat is die simptome van…?" Hoe kry ek roesvlekke uit my toilet?" Google is ons sielkundige, dokter, kundige raadgewer en intieme vriend wat alles oor ons weet. Dit het 'n meer akkurate beeld van ons as ons vriende, familie en kollegas aan wie ons dikwels net sekere aspekte van onsself onthul. Google weet van watter flieks ons regtig hou, of ons graag speletjies aanlyn speel of watter tipe restaurante ons graag besoek. Google weet wie ons regtig is – nie wie ons sê ons is nie. Ons mag dalk 'n beeld vir ander voorhou, maar google kyk deur die venster van ons foon na ons siel. Ons dink ons geheime is ons s'n, maar niks is vir google verborge nie en nog minder vir God.

Wegkruipertjie met God

Ons dink ons kan vir God 'n rat voor die oë draai; vir Hom wegkruip en ons vrese, sonde en skuldgevoelens vir Hom wegsteek. Dit is van die begin af ons probleem. "Die mens… het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin" Gen 3:8-10. Ons lieg selfs vir onsself oor sekere aspekte van ons lewe. "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?" Jer 17:9

God ken ons deur en deur

Al dink Google dit ken ons beter as wat enigiemand anders kan – word ons deur God geken op 'n manier waarvan Google nie eens kan droom nie! "Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken" Jer 1:5. Ps 139:2,4 Sê: "U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom… Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees." "Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor Sy oë. Hebr 4:12-13

Deurgrond my, o God

Jesus weet alles oor ons – absoluut alles – en steeds wil Hy ons "ken". Al wat ons kan doen is om te bid: "Deurgrond my, o God. Ondersoek my…Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!" Ps 139:23, 24.

Laat Hy jou hart ken, laat Hom toe om jou hart aan jou bloot te lê- Hy ken jou beter as Google. (Lourike Haller)

Dankie!

- **Dat God ons deur en deur ken! Dat daar niks is wat ons vir Hom kan wegsteek nie en dat ons nou eerlik met Hom kan wees. Niks is vir Hom 'n verrassing oor jou nie. En Hy is die antwoord vir ál jou probleme, bekommernisse en siekte. In Hom alleen vind ons vrede en rus!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Johan en Belinda Kotzé – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – vir nabyheid van die Here.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Jaap Naudé – vir volle genesing.
- Eberhard Carshagen – vir die nabyheid van die Here.
- Marga Holzhausen – vir volle genesing.
- Annika Killian –vir genesing en herstel.
- Lilian van Zyl - vir genesing en herstel.
- David Huxham se pa – vir nabyheid van die Here.
- Eli van Rensburg – vir genesing.
- Oom Hannes Stolz – vir herstel en genesing.
- Karel Olsen – vir spoedige herstel.
- Sanet Brits – vir spoedige herstel.
- Lucinda Graaff – gediagnoseer met nierversaking. Vir volle genesing en ook vir befondsing van haar mediese uitgawes.
- Tannie Marie van Wyk – het longontsteking. Vir spoedige herstel.
- Martie van Staden – het rugoperasie gehad. Vir spoedige herstel.
- Elize Viljoen – het aneurisne gehad. Vir spoedige herstel.

Ons innige simpatie met Annetjie en kinders met George Daneels se afsterwe.

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org